



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2017**

**NASIENRIGLYNE**

**LIMPOPO**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • (In) elf (lande)<br>• (In) 11 (lande)<br>• Suid-Afrika is een van elf Afrikalande waar ons die Groot Vyf kry.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.2 | • 'n Mens kan die Groot Vyf (net) in Afrika sien.<br>• Die Groot Vyf is uniek aan Afrika.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.3 | • Leeus/die leeu<br>• Luiperds/die luiperd<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br>1 |
| 1.4 | • Leeus/Hulle jag in groepe/troppe.<br>• Hulle beweeg/loop in groepe.<br>• Hulle hou daarvan om saam te wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.5 | "logge"<br>*(Penaliseer nie as die woord nie tussen aanhalingstekens geskryf is nie)* | 1 |
| 1.6 | • (Met) 'n hand<br>• Vingers van 'n hand.<br>• Die olifant gebruik dit soos 'n hand om blare, plantwortels, vrugte en water na sy mond te bring.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.7 | • (Die) swart(renoster)<br>• (Die) wit(renoster) | 1<br>1 |
| 1.8 | mense sleg behandel | 1 |
| 1.9 | • Luiperds vang/bekruip ook apies in bome.<br>• Luiperds kan goed boomklim.<br>• Luiperds vang diere wat in bome leef.<br>• Luiperds is goeie klimmers (wat dikwels apies in bome sal bekruip).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.10 | • B<br>• Dit is vir jagters 'n uitdaging om hierdie diere te jag.<br>• B Dit is vir jagters 'n uitdaging om hierdie diere te jag.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.11 | • Lisensie(s)<br>• lisensie(s)<br>(Enige EEN) | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12.1 | • Stropers moet swaarder gestraf word/tronk toe gaan.<br>• Daar moet meer opgeleide/gewapende veldwagters wees om die diere op te pas.<br>• Die koop en verkoop van renosterhorings moet wettig gemaak word/lisensies moet gegee word om renosters te kan jag.<br>• Renosters se horings kan afgesaag word/gekleur word.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.12.2 | • Die stropers kry baie geld vir die renosterhorings.<br>• Die stropers is te slim om gevang te word.<br>• Daar is steeds 'n groot aanvraag na renosterhorings.<br>• Die polisie/veldwagters kan saam met die stropers werk.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.13 | • Die stropers los die karkasse/vleis net daar.<br>• Die stropers vat net die horings.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>*(Die kandidaat moet 'n **afleiding** uit die reëls as antwoord gee, nie 'n aanhaling nie.)* | 1 |
| 1.14.1 | • D<br>• By hierdie diere kan 'n mens duidelik die verskil tussen mannetjies en wyfies sien.<br>• D By hierdie diere kan 'n mens duidelik die verskil tussen mannetjies en wyfies sien.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.14.2 | • A<br>• Hulle groot snytande hou aan groei.<br>• A Hulle groot snytande hou aan groei.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.14.3 | • B<br>• Die twee tipes se bekke lyk nie dieselfde nie.<br>• B Die twee tipes se bekke lyk nie dieselfde nie.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.14.4 | • C<br>• Hulle maak baie jagters dood.<br>• C Hulle maak baie jagters dood.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.14.5 | • F<br>• Hulle hou nie van konfrontasie met mense nie.<br>• F Hulle hou nie van konfrontasie met mense nie.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.15 | • B<br>• Toeriste kom na Suid-Afrika toe om die Groot Vyf te sien.<br>• B Toeriste kom na Suid-Afrika toe om die Groot Vyf te sien.<br>(Enige EEN) | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | • Ons land (SA) is bekend vir die Groot Vyf.<br>• Die Groot Vyf is uniek aan ons land (SA).<br>• Dit maak mense bewus/leer mense van die Groot Vyf.<br>• Dit herinner ons om die erfenis van ons land (SA) te bewaar.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.17 | Ek het geleer: (m.a.w. die les uit die artikel geleer)<br>• dat die Groot Vyf baie belangrik vir toerisme in ons land is.<br>• dat daar mooi na die Groot Vyf gekyk moet word.<br>• van die gevare van onwettige jag/stropery.<br>• dat dit almal se verantwoordelikheid is om seker te maak dat die Groot Vyf nie verdwyn nie.<br>• hoe uniek ons land is.<br>OF<br>Ek het meer inligting oor die Groot Vyf/individuele diere gekry.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **24** |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.18 | • (Vir) elektrisiteit<br>• Om elektrisiteit op te wek<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.19 | • Myne<br>• Mynbou<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.20 | • 27(%/persent)<br>• Sewe en twintig (%/persent)<br>(Enige EEN) | 1 |
| 1.21 | • Om te wys hoe water in Suid-Afrika gebruik word.<br>• Om te wys waarvoor water in Suid-Afrika benodig word.<br>• Om te wys waarvoor die meeste/minste water gebruik word.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 1.22 | • D<br>• Boerdery<br>• D Boerdery<br>(Enige EEN) | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.23 | • Daar is baie prentjies/foto's./Jy lees die prentjies.<br>• Jy sien prentjies/tekeninge/simbole/grafieke/foto's/diagramme (van elektrisiteit/boerdery, ens).<br>• Daar is min woorde./Jy het net 'n basiese woordeskat nodig.<br>• Daar is meer prentjies as woorde<br>• Die prentjies gee vir jou die inligting.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir- woord volgens vraestel.)
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: DINGE OM TE ONTHOU AS JY GESOND WIL LEEF

[Verwerk uit howtolivewell.co.za]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Jou liggaam glo wat jy dink. **As 'n mens positief is, hou dit jou liggaam gesond. Fokus dus op positiewe dinge.** | Wees **positief**./Jy moet op positiewe dinge fokus of konsentreer/aan positiewe dinge dink. | Moenie negatief wees nie./Jy moenie heeltyd aan negatiewe dinge dink nie. | Positiewe denke is belangrik vir 'n gesonde lewe. |
| 2. | **Maak seker dat jy elke nag genoeg slaap.** Dit sal jou help om beter te konsentreer. Jy sal ook beter onthou. | Jy moet seker maak dat jy (snags) **genoeg slaap.** | Jy moenie te min slaap nie. | Genoeg slaap is belangrik om gesond te bly. |
| 3. | Te veel gemorskos en suiker is ongesond vir jou. Gesonde kos voed jou brein. **Daarom moet jy elke dag drie gebalanseerde etes eet.** | Eet **gebalanseerde** etes.<br>Eet elke dag drie **gebalanseerde etes**./Jy moet 3 **gebalanseerde**/ gesonde **maaltye per dag** eet.<br>*Die kern hier is nie bloot gesonde kos nie; dit gaan oor gebalanseerde maaltye.* | Moenie ongesonde kos/ gemorskos eet nie./Jy moenie jou 3 **gebalanseerde maaltye** per dag oorslaan nie. | 3 **gebalanseerde maaltye** per dag sal jou gesond hou. |
| 4. | **Gereelde oefening gee jou meer energie.** Dit keer ook dat jy vet word. **Dit is dus nodig dat jy gereeld fisiese aktiwiteite doen.** | Oefen **gereeld**./Jy moet gereeld oefen.<br>*Dit gaan nie net oor oefen nie; maar oor **gereelde oefening.*** | Jy sal vet en sonder energie wees as jy nie **gereeld** oefen nie. | **Gereelde** oefening is nodig om gesond te wees. |

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE | | |
|---|---|---|---|---|
| 5. | **Lees of doen kreatiewe dinge in jou vrye tyd.** Dit is beter vir jou as om te veel televisie te kyk of om op jou selfoon te wees. | Gebruik jou **vrye tyd** om te **lees** of **kreatiewe dinge te doen**./Jy moet **lees/kreatiewe dinge doen** in jou **vrye tyd**.<br><br>*Hier is weer twee dinge: **WAT** jy in jou **VRYE TYD** doen. (EEN van die twee is aanvaarbaar)* | Jy **moenie passief** wees in jou **vrye tyd** nie. | Kreatiewe **tydsbesteding** in jou **vrye tyd** is goed vir jou gesondheid. |
| 6. | **Swak higiëne veroorsaak dat siektes versprei**. **Bad of stort gereeld en was jou hande voor elke ete.** Dit sal help dat jy nie siek word nie. | Jy moet **altyd/gereeld bad/stort/was** en jou hande was./Jy moet gereeld **bad/ stort/was**./Jy moet jou **hande** voor elke ete **was**./Wees higiënies. | Moenie jou **higiëne** verwaarloos nie./Moenie vergeet om jou **hande** voor ete te **was**/gereeld te **bad** of te **stort** nie. | Goeie **higiëne** is belangrik as jy gesond wil bly. |
| 7. | **Dit is baie gevaarlik om drank en dwelms te misbruik.** Vermy dit eerder. Dit kan jou baie siek maak. Jy sal dan ook nie mooi na jouself kyk nie. | Vermy **drank** en **dwelms**./Vermy drank./Vermy dwelms./Jy moet wegbly van drank en dwelms./Drank of dwelms kan jou siek maak. | Moenie **drank en dwelms** misbruik nie./Moenie drink of dwelms gebruik nie. | **Drank en dwelms** sal jou gesondheid negatief beïnvloed. |
| | **GETAL WOORDE = 170 woorde<br>( ± 200 woorde - Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 51 woorde<br>(50 – 60/65 maksimum)** | | |

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:

   - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
   - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
   - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Leerders/Kinders/Skoolkinders/Leerlinge/Studente (wat ekstra Afrikaans klasse wil neem).<br>• Leerders/Kinders/Skoolkinders/Leerlinge/Studente (wat nie 'n Afrikaans-onderwyser het nie).<br>• Leerders/Kinders/Skoolkinders/Leerlinge/Studente (wat sukkel met Afrikaans).<br>• Afrikaans-klasse (versamelnaam vir leerders).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 3.2 | • (Die opskrif) is groot geskryf/groot font/lettertipe.<br>• (Die opskrif) is in vetdruk.<br>• (Die opskrif) is 'n ander kleur/donkerder gedruk.<br>• Dit staan heel bo aan die advertensie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 3.3 | • Mnr/mnr<br>• Mnr./mnr.<br>*(Daar hoef nie 'n punt na die afkorting te wees om die punt te verdien nie.)*<br>*(AWS bl.19 reël 3.13.)* | 1 |
| 3.4 | be<u>t</u>er | 1 |
| 3.5 | uitroepteken | 1 |
| 3.6 | hoogste | 1 |
| 3.7 | Mening<br><br>• Dit is die adverteerder se opinie.<br>• Nie almal stem met die adverteerder saam nie.<br>• Daar is nie bewyse dat mnr. Botha die beste onderwyser (in die land) is nie.<br>• Daar is dalk beter onderwysers as mnr. Botha.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 3.8 | jy<br>*(aanvaar ook Jy)* | 1 |
| 3.9 | Baie kinders word deur meneer Botha geleer.<br>*(Die hele sin moet korrek wees om die punt te verdien)* | 1 |
| 3.10 | • Jy leer om in Afrikaans te skryf.<br>• Jy leer om beter opstelle te skryf.<br>• Die ekstra klasse sal jou help om beter te skryf.<br>• Dit het te doen met skool.<br>• Ekstra klasse beteken ook ons gaan skryf.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | • HOERA<br>• Hoera<br>(Enige EEN) | 1 |
| 4.2 | Ma sê dat die matriekuitslae bekend is.<br>*(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 |
| 4.3 | • Die kamer se **deur** is oop.<br>• Die seun is **deur** sy pa gestraf.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 4.4 | nie belangstel nie. | 1 |
| 4.5 | • (Hulle) dans.<br>• (Hulle) drink (vonkelwyn/sjampanje)/(Daar is) drank.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1<br>1 |
| 4.6 | • Die hond staan op sy agterpote/-voete.<br>• Die spoeg spat./Die hond blaf dat die spoeg spat.<br>• Die hond se ore staan wyd/regop.<br>• Die hond se kop is agteroor gegooi.<br>• Die merkies(" ") (by sy bene/ore wys dat hy beweeg).<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 4.7 | koel | 1 |
| 4.8 | • Boeta lê op die bank **terwyl** die gesin dans.<br>• Die gesin dans, **terwyl** Boeta op die bank lê.<br>• **Terwyl** die gesin dans, lê Boeta op die bank.<br>• **Terwyl** Boeta op die bank lê, dans die gesin.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 4.9 | • A<br>• bly<br>• A bly<br>(Enige EEN) | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5.1: LEESSTUK**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | winkeltjie | 1 |
| 5.1.2 | Weekliks/weekliks | 1 |
| 5.1.3 | bêre | 1 |
| 5.1.4 | Hulle neem dit op 'n Woensdagmiddag entoesiasties winkel toe. *(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)* | 1 |
| 5.1.5 | vyftien | 1 |
| 5.1.6 | h(H)aar | 1 |
| 5.1.7 | motorhuis | 1 |
| 5.1.8 | (G)groot *(Maak seker dat die antoniem wat hier gegee word in die konteks pas.)* | 1 |
| 5.1.9 | Sonder **om** gevra **te** word *(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)* | 1 |
| 5.1.10 | geweeg | 1 |
| 5.1.11 | waarmee | 1 |
| 5.1.12 | nie | 1 |
| 5.1.13 | rys | 1 |
| 5.1.14 | om-ge-wing *(Kandidate kan lettergrepe op verskillende maniere aandui)* | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **14** |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | oop | 1 |
| 5.2.2 | leer | 1 |
| 5.2.3 | spykers | 1 |
| 5.2.4 | tussen | 1 |
| 5.2.5 | byl | 1 |
| 5.2.6 | blikke | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *BLADSAK* – Lucas Malan

## VRAAG 6

## VERHAAL A: "KONING LEEU SE GESKENKE" – Pieter W Grobbelaar

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | (Koning) Leeu | 1 |
| 6.2 | • Die bokvrouens was bang Koning Leeu gaan hulle eet.<br>• Die bokvrouens het nie veilig by Leeu gevoel nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.3 | • Koedoe was bang vir moeilikheid.<br>• As die koning nooi, is dit wet.<br>• Jy mag nie die koning se uitnodiging weier nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.4 | eet | 1 |
| 6.5 | • Olifant<br>• Kameelperd | 1<br>1 |
| 6.6 | Ja.<br>• Vrouens het nie baarde nie.<br>• Vrouens wou mooi wees.<br>• ’n Baard is nie vroulik nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Koning Leeu kon besluit wie kry watter geskenk.<br>• As die koning gepraat het, was dit wet.<br>• Koning Leeu het gedink 'n baard pas by boerbok se vrou.<br>• Dit wat die koning opgetel het, het hy nie neergesit nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.7 | • D<br>• 'n vergelyking<br>• D 'n vergelyking<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.8.1 | • E<br>• … het van die mooi klere weggegee.<br>• E … het van die mooi klere weggegee.<br>(Enige EEN) | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.8.2 | • D<br>• … het die geskenk gaan begrawe.<br>• D … het die geskenk gaan begrawe.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.8.3 | • B<br>• … het Mevrou Leeu se laventelpotjie gevat.<br>• B … het Mevrou Leeu se laventelpotjie gevat.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.8.4 | • A<br>• … het 'n kalbas veldmedisyne gekry.<br>• A … het 'n kalbas veldmedisyne gekry.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.9 | • Die diere is uitgenooi na die partytjie toe.<br>• Die diere het stuk-stuk by die partytjie opgedaag.<br>• Die diere het lekker gedans en geëet.<br>• Padda se klere is gesteel. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.10 | • A<br>• dankbaar moet wees vir wat jy het.<br>• A dankbaar moet wees vir wat jy het.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.11 | Ja.<br><br>• Die diere het lekker geëet.<br>• Van die diere het van hul geskenke gehou.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Van die diere wou nie na die partytjie gaan nie.<br>• Van die diere het nie van hulle geskenke gehou nie.<br>• Van die diere was vraatsig/ongeskik/ongepoets/ongelukkig.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.12 | • Sy het niks gekry nie/nie geskenke gekry nie.<br>• Sy het nie horings gekry (soos die ander bokke) nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.13 | • Hy wou vir die diere geskenke gee.<br>• Hy was streng met die diere wat hulle nie gedra het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| | | **[20]** |

**EN**

**VERHAAL B: "DIE TOWERSAK" – Corlia Fourie**

| VRAAG | ASSESSERINGSRIGLYNE | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | • (Die) velsakkie<br>• (Die) towersakkie<br>• (Die) sakkie<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.15 | • Sy was oud genoeg.<br>• Sy kon spies gooi. | 1<br>1 |
| 6.16 | Hy het gesê dat sy dogter mag loop waar sy wou.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.17 | • Sy sou kwaad gevoel het.<br>• Sy sou teleurgesteld/ongelukkig/hartseer gevoel het.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.18 | Dat hulle lief is vir mekaar.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.19 | bly | 1 |
| 6.20.1 | • D<br>• ... het die muti-vrou se oorpyn laat weggaan.<br>• D ... het die muti-vrou se oorpyn laat weggaan.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.20.2 | • B<br>• ... wou weet wat in die sakkie was.<br>• B ... wou weet wat in die sakkie was.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.20.3 | • E<br>• ... was nie bekommerd nie.<br>• E ... was nie bekommerd nie.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.20.4 | • A<br>• ... het mense se lewens met stories verander.<br>• A ... het mense se lewens met stories verander.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.21 | • Die meisie het nie haar belofte aan haar ma nagekom nie.<br>• Die meisie moes nie ingegee het vir die jongman nie.<br>• Die meisie moes sterk gestaan het en geweier het om die sakkie oop te maak.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 |
| 6.22 | • Die meisie het belowe om nie in die sakkie te kyk nie.<br>• Die meisie het die buffel met 'n spies doodgegooi.<br>• Die meisie het die sakkie op die grond uitgeskud.<br>• Die meisie het die sakkie vol stories gemaak. | 1<br>1<br>1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.23 | • D<br>• nie meer die beskerming van die sakkie gehad het nie.<br>• D nie meer die beskerming van die sakkie gehad het nie.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.24 | • B<br>• Kom jou belofte na.<br>• B Kom jou belofte na.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 6.25 | • Die hele verhaal het oor 'n sakkie wat wonders doen gehandel.<br>• Die sakkie het die meisie uit die moeilikheid gehelp.<br>• Die sakkie was 'n towersakkie.<br>• Die sakkie kon snaakse dinge doen.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 6.26 | • Die sakkie het die meisie gehelp om weer op te staan en aan te gaan.<br>• Die sakkie het die meisie moed ingepraat.<br>• Die sakkie het die meisie positief gehou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| | | **[20]** |

***PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

**VRAAG 7**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Silwerkloof Stalle | 1 |
| 7.1.2 | Wilma (Botes) | 1 |
| 7.1.3 | prokureur | 1 |
| 7.1.4 | • Hy moes sy gemeenskapsdiens daar doen.<br>• Hy moes sy straf daar uitdien.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.2 | verveeld met | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.3 | • Die leser verwag nie dat Lucky suiwer Afrikaans sal praat nie.<br>• Dit is hoe jongmense praat.<br>• Dit pas by die karakter.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.4 | • Hy moes die vuil strooi uithark./Hy moes die stalle skoonmaak.<br>• Hy moes vars strooi insit.<br>• Hy moes sy sak gaan bêre.<br>• Hy moes sy selfoon wegsit.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 |
| 7.5 | • 'n Jonger persoon moet ouer mense respekteer.<br>• Lucky was daar om sy straf uit te dien/moes luister na wat Wilma vir hom sê om te doen.<br>• Wilma het hom probeer help, maar Lucky het dit nie waardeer nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.6 | • D<br>• nie geweet het hoe om hierdie konfliksituasie te hanteer nie.<br>• D nie geweet het hoe om hierdie konfliksituasie te hanteer nie.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.7.1 | • Sy straf<br>• Die tyd wat hy sy straf moes uitdien.<br>• Gemeenskapsdiens/-werk.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.7.2 | Drie/3 maande | 1 |
| 7.8 | lelike woorde te gebruik | 1 |
| 7.9 | • B<br>• manipulering.<br>• B manipulering.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.10.1 | • E<br>• ... sukkel om na ander te luister.<br>• E ... sukkel om na ander te luister.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.10.2 | • C<br>• ... is streng maar het 'n goeie hart.<br>• C ... is streng maar het 'n goeie hart.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.10.3 | • B<br>• ... hou nie van kontak met ander mense nie.<br>• B ... hou nie van kontak met ander mense nie.<br>(Enige EEN) | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.10.4 | • A<br>• ... is elegant en rustig.<br>• A ... is elegant en rustig.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.11 | Ja.<br>• Dit is hoe tieners mekaar groet.<br>• Vir tieners is dit aanvaarbaar/Tieners beskou dit nie as slegte maniere nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>OF<br>Nee.<br>• Dit was die eerste keer dat hulle ontmoet het.<br>• Hy moes eerder probeer het om 'n goeie indruk te maak.<br>• Dit is nie hoe mense wat mooi maniere het, mekaar groet nie.<br>• Dit het gewys dat hy nie ander respekteer nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.12 | • Hy moes na Wilma geluister het./Hy moes haar nie geïgnoreer het nie.<br>• Hy moes sy selfoon gebêre het terwyl hy werk./ Hy moes nie die hele tyd op sy selfoon besig gewees het nie.<br>• Hy moes stilgebly het./Hy moes sy werk gedoen het.<br>• Hy moes ordentlik met Wilma en Binki gepraat het./Hy moes nie aanhoudend sarkastiese opmerkings gemaak en kommentaar gelewer het nie.<br>• Hy moes die beste van die situasie gemaak het./ Hy moes nie so baie gekla het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.13 | • Hy was wreed teenoor diere/Hy het diere mishandel.<br>• Hy het ander mense se (ses) katte versuip.<br>• Hy het katte doodgemaak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.14 | • C<br>• 'n metafoor.<br>• C 'n metafoor.<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.15.1 | • Sy het haar eie besigheid gehad./Sy was 'n besigheidsvrou/ sakevrou.<br>• Sy werk (soms) oorsee.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.15.2 | • Sy het in mense se huise gewerk./Sy was 'n huiswerker/ bediende/huishulp/*Huishelper.<br>• Domestic *(staan in teks bl. 19)*<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 7.15.3 | • Lucky se ma moes ander/ryk mense se gemors skoonmaak.<br>• Lucky se ma moes baie ver na haar werk toe reis.<br>• Die mense het Lucky se ma min betaal/minder as die prys van een kat, betaal.<br>• Die mense het goed gehad wat hulle nie gebruik het nie, maar nie daaraan gedink om dit vir Lucky se ma te gee nie.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 |
| 7.16 | • C<br>• dit wys wat die karakter op daardie oomblik doen.<br>• C dit wys wat die karakter op daardie oomblik doen<br>(Enige EEN) | 1 |
| 7.17 | • Lucky het nou die vrymoedigheid om met Wilma te praat/haar uit te vra.<br>• Daar is 'n meer ontspanne verhouding tussen hulle/hulle lag saam vir grappies.<br>• Hulle baklei/stry minder.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.18 | • Binki is 'n maklike mens om mee oor die weg te kom.<br>• Dis maklik om vir Binki lief te wees/van haar te hou.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.19 | • Lucky se ma het hom nie so geleer nie.<br>• Lucky respekteer sy ma/Wilma.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.20 | • Wilma het te veel by 'n partytjie gedrink.<br>• Wilma het vinnig met die perd deur die veld gejaag.<br>• Die perd het in 'n gat getrap en sy been gebreek.<br>• Die veearts het die perd geskiet. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.21 | • Grace het lank gely voordat die veearts hom geskiet het.<br>• Grace het pyn gehad voor hy dood is.<br>• Grace moes doodgeskiet word./Daar was nie genade vir Grace nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.22 | • Die hele drama handel oor die krag van die verhouding tussen die perde en die mense.<br>• Die hele drama handel oor perde wat die vermoë/krag het om mense heel/gelukkig te maak.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.23 | • Hy het lelik gepraat/kru taal gebruik. (Bv. stront/bleddie)<br>• Hy het Wilma se opdragte geïgnoreer. (Bv. aanhou sms op sy selfoon)<br>• Hy het heeltyd gekla. (Bv. oor die stalle wat hy moes skoonmaak)<br>• Hy was uitdagend/rebels. (Bv. met sy selfoon)<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.24 | Nee.<br><br>• Lucky was nooit werklik gelukkig nie.<br>• Lucky se omstandighede was baie moeilik.<br>• Lucky se ma het min verdien./Lucky-hulle was arm.<br>• Hulle het nie eie vervoer/'n tuin gehad nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>OF<br><br>Ja.<br>• Hy was bevoorreg om sy gemeenskapsdiens by Wilma te kon doen.<br>• Hy was gelukkig om 'n ma te hê wat vir hom tyd/liefde gehad het.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 |
| 7.25 | • Binki wou haar hond (uit die brandende huis) red.<br>• Lucky het die katjies in die visdam verdrink. | 1<br>1 |
| | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**